## VAN DIE REDAKSIE

Gedurende die afgelope paar maande het enkele ingrypende veranderings in die kringe van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* plaasgevind. Dr. J. J. van Tonder het die aftree-ouderdom bereik en uitgetree as inspekteur van onderwys. Prof. A. N. Pelzer verwissel die leerstoel in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria vir die amp van Registrateur (akademies) aan dieselfde universiteit en het daarmee as hoofredakteur van *Historia* sowel as hoofbestuurslid van die *Historiese Genootskap* bedank. In die derde geval het mnr. J. H. Dippenaar bedank as penningmeester van die *Genootskap*.

Dr. Van Tonder bly gelukkig aan as voorsitter van die *Genootskap*. Dit hoef ons egter nie te verhinder om op hierdie stadium 'n woord van dank tot hom te rig vir wat hy vir die *Genootskap* en vir die vak Geskiedenis in die algemeen gedoen het nie. Dit is 'n bekende feit dat dr. Van Tonder eintlik die stigter van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* was; die idee altans het by hom ontstaan, daar in 1956. Dwarsdeur die veertien jaar het hy as voorsitter gedien en dwarsdeur die veertien jaar het sy geesdrif nooit verflou nie. Ons dink veral aan wat hy in sy amp as inspekteur vir die bevordering van Geskiedenis op skool gedoen het. In dr. Van Tonder leef 'n vaste oortuiging en geloof dat kennis van die volksverlede een van die hoekbakens van ons beskawing is. Vir hom was die strewe na bevordering van die vak op skool nooit iets bykomstig nie, hy het dit gesien as deel van sy taak ook as inspekteur van onderwys. Ons wens hom 'n welverdiende rus toe, maar glo dat hy hom voortaan nog meer vir die *Historiese Genootskap* sal beywer. Op die jongste vergadering van die Transvaalse bestuur van die *Historiese Genootskap* het prof. Pelzer 'n woord van dank en erkentlikheid tot dr. Van Tonder gerig en veral sy toegewydheid tot die strewe van die *Genootskap* geloof.

Prof. A. N. Pelzer was ook een van die stigters van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika*. Hy het gehelp om vorm daaraan te gee heel in die begin toe die grondwet daarvan opgestel is, en het oor die jare steeds op die hoofbestuur gedien en met sy wye ervaring en die agting wat hy in baie kringe geniet, steeds 'n belangrike rol in beleidsbepalings gespeel. Maar veral as hoofredakteur van *Historia*, ook van die begin af, het hy 'n besondere bydrae gelewer. In die heel eerste uitgawe het hy die aard en strewe van die blad omlyn. Hy het daar die Geskiedenis gekenskets as „'n huis met baie kamers" en na aanleiding daarvan uiteengesit dat die tydskrif daarna sou strewe om in 'n veelsydigheid van behoeftes te voorsien, van die skool tot die universiteit, van die belangstellende leek tot die vakman. Aan hierdie strewe het *Historia* onder sy leiding getrou gebly. Elders in hierdie uitgawe verskyn 'n waardering wat prof. J. S. du Plessis op bogenoemde vergadering van die Transvaalse bestuur van die *Historiese Genootskap* uitgespreek het.

In sy antwoord daarop het prof. Pelzer veral hulde gebring aan dr. Van Tonder as die siel van die *Genootskap*. Prof. F. J. du T. Spies volg tans as hoofredakteur op.

Waar prof. Pelzer tans uittree as hoogleraar in Geskiedenis, beteken dit natuurlik nie dat hy daarmee sy belangstelling vir Geskiedenis verloor




*Prof. A. N. Pelzer. Hoofredakteur van Historia, 1956-1969.*

nie en nie meer Geskiedenis sal skrywe nie, maar dit sal tog meebring dat hy voortaan minder direk by die vak betrokke sal wees. Daarom wil ons hier net 'n enkele woord toevoeg oor prof. Pelzer as historikus en as dosent.

Oor die hele land versprei, is daar natuurlik etlike duisende oud-studente wat „aan sy voete gesit het" en wat iets van die „liefde vir

Geskiedenis", vir so ver dit aanwesig is, van sy onderhoudende voorlesings gekry het. Daar is baie wat hom as dosent sal onthou, meer as waarvan hy bewus kan wees.

Ook as historikus het prof. Pelzer ruimskoots sy bydrae gelewer. Dit is hier nie die plek om 'n lys van publikasies te verstrek nie. Ons verwys slegs na sy *Wordingsjare*, waar hy met die besondere kultuurhistoriese benadering wat die boek kenmerk, 'n nuwe blik op die pioniersgeskiedenis van die Zuid-Afrikaanse Republiek gegee het. Dit het so veel oorspronkliks bevat, dat die boek tans nog, by herlesing, niks van sy frisheid verloor het nie. Ons spreek die hoop uit dat prof. Pelzer in sy nuwe amp tog nog die tyd sal vind om hom aan die geskiedskrywing te wy.



*Mnr. J. H. Dippenaar. Penningmeester van die Historiese Genootskap van S.A., 1962-1970.*

In mnr. J. H. Dippenaar verloor die *Historiese Genootskap* ook 'n sleutelfiguur. Die beheer van die geldsake en die versending van *Historia* verg baie tyd en opoffering. Tog het hy gedurende die afgelope tien jaar hierdie taak met die grootste bereidwilligheid en nougesetheid uitgevoer. Hy moes alles na kantoorure en gedurende Saterdae en vakansietye behartig. Die ouditeursfirma, wat jaarliks die boeke nagaan, het nog nooit fout daarmee gevind nie. So is mnr. Dippenaar!

As hoof van 'n groot en groeiende skool het hy gevoel dat hy nie meer die werk kon behartig nie en het op die jongste vergadering van die Transvaalse hoofbestuur sy bedanking ingedien.

By dié geleentheid het dr. T. A. du Plessis 'n dankwoord tot mnr. Dippenaar gerig en hom die erkentlikheid van alle bestuurslede oorgebring. Hy het hom die beste vir die toekoms toegewens, bystand en beskerming van die Hemelse Vader, aan hom en sy huis.

In die plek van mnr. Dippenaar is mnr. P. van Zyl, hoof van die Laerskool Japie Greyling op Daleside, as penningmeester gekies. Ons is veral dankbaar dat so 'n bekwame persoon, en veral iemand met so 'n liefde vir Geskiedenis, voortaan die sente van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* sal oppas. Ons weet dit is 'n veeleisende taak en ons wens hom krag en wysheid toe.